As duiweboer van Potchefstroom,die afgelope 10 jaar, het ek myself as spesialis op kortpad/ middelpad onderskei op klub en unievlak.Gedurende hierdie tyd het ek ook my duiwe getoets by die eendaghokke.

In my vriendskap met Fred Brough en sy "Cliff-bloedlyn" (Van Bremen/Clausing) het hy uitstekende prestasies gelewer by die SCMD-pigeon race.

- **ACE BIRD-wenner 2012**

My stoet is hier begin deur die kruising van **Mike Ganus se MONA LISA/ ROCKET**-bloedlyn en die **VAN BREEMEN/CLAUSING- bloedlyn van Fred Brough.**

As gevolg van hierdie uitstekende kruising het ek baie goeie uitslae gehad....

- Eerstens het ek in 2014 as klubwenner geeindig
- Tweedens wen ek die ACE-bird by Dinokeng in 2017.
- In 2018 het ek die die 4de plek in HS1 verower by die SAMD-pigeon race
- Die laaste 7 jaar het ek telkens algeheel onder die top 10 geeindig, alhoewel ek, as gevolg van werksverpligtinge, slegs op kort-en middelpad wedvlugte deelgeneem het.

In 2017 het ek besluit om my stoet te verbeter,Ek het Butch Einkamerer genader, as gevolg van sy puik prestasies , en kennis van die HOUBEN- bloedlyne..Na 'n besoek aan sy hokke, het hy die bestes aan my beskikbaar gestel en ek kon daaruit kies.

Twee uitsonderlike mannetjies uit sy hokke het 'n besondere groot impak in my hokke gehad.......

**In die eerste plek**.....Ek beskou die volgende duif as 'n wêreldklasduif- **NWPF11 SA 3126 uit die welbekende HOUBEN BLOEDLYNE, genaamd PARMA/JONGE ARTIEST / KEELTJIE / MOOI GESIG en PRONTISIMO)**

Hieruit teël ek duif **WPU 2618/17** wat in 2017 plekke 5,5,8,15,17 en 29 vlieg, en in die 2019 word sy ook aangewys as die beste algehele kortpadduif in die unie en ook die beste opeduif in die klub met plekke1,2,3,5,6,14 en 25.

'n Volgende duif uit bg mannetjie geteël is **WPUD 0981/18** wat in 2019 ook as die beste jaaroud kortpadduif in unie eindig, met plekke 1,4,8,15,21 en 30.

Nog 'n duif hieruit uit bogenoemde geteël is **WPUD 2814/17** wat plekke 1,2 en 13 verower.

**In die tweede plek ...CL137/2014 uit die bekende Clausing 410 bloedlyn** teël 'n besonderse duif **WPUD 2258** wat in twee jaar se tyd vir my plekke 1,2,12,20,23 en 27 vlieg tydens die 2019 vliegseisoen , en ook 'n 1,1 en 13 de plekke in die 2018 seisoen.

Alle eer aan mnr Butch Einkamerer vir sy kennis,hulpvaardigheid en die groot positiewe inspuiting wat hy en sy bloedlyngehalte in my hokke gelewer het. Sy bereidwilligheid om sy kennis te deel, maak van hom 'n duiweboer met passie vir die sport, die duiweboer en die duif. Vir die wat wonder....vra!!!

'n Dankbare duiweboer

Sarel Naude